**Maatskaplike werker / Maatskaplike Hulpwerker**

Suider-Paarl Gemeente is op soek na ‘n gekwalifiseerde persoon om in noue samewerking met ons bestaande en toekomstige bedienings maatskaplike dienste te lewer in die Klapmuts- en Paarl-omgewing, met die doel om kwesbare gemeenskappe te bemagtig en te bevry en sodoende sosiale welstand te bevorder.

Die posisie is ‘n half-dag of voldag pos, afhangende van beskikbaarheid van die aangewese kandidaat.

**Sleutel Prestasie-areas**

- Werk nou saam met Dr. Carla Marais en Rene du Toit deur maatskaplike dienste aan te bied met betrekking tot die sorg, ondersteuning, beskerming en ontwikkeling van kwesbare individue, groepe, gesinne en gemeenskappe deur relevante programme;
- Hanteer aangeleenthede wat lei tot of ontstaan uit sosiale onstabiliteit in enige vorm;
- Bly op hoogte van nuwe ontwikkelinge in die maatskaplike werk- en maatskaplike welsynvelde;
- Voer alle administratiewe funksies uit wat vir die pos vereis word.

**Bevoegdhede**

Die suksesvolle kandidaat moet kennis dra van die volgende:

- Relevante wetgewing, beleide en voorgeskrewe norme (norme en standaarde) vir maatskaplike werk;
- Kennis en begrip van menslike gedrag en sosiale stelsels sowel as vaardighede om in te gryp op die punte waar mense met hul omgewings interaksie het om sosiale welstand te bevorder;
- Maatskaplike Werk-teorie en intervensies;
- Protokol en professionele etiek;
- Sosiale dinamika, werkwaardes en beginsels;
- Die ontwikkeling en bemagtiging van ander;

Die kandidaat moet beskik oor:

- die vaardighede om strukturele bronne van sosiale probleme te identifiseer en uit te daag;
- Die bevoegdheid om individue, gesinne, groepe en gemeenskappe te help, ontwikkel, bemagtig en hulle sosiale funksionering en probleemoplossingsvermoëns te verbeter;
- Die vermoë om die beskikbare hulpbronne doeltreffend te gebruik;
- Bewese rekenaarkennis;
- Verslaggewingvaardighede;
- Selfbestuurvaardighede;
- Goeie beplannings- en organisasievaardighede;
- Aanbiedings- en fasiliteringsvaardighede;
- Diensingesteldheid

**Posvereistes:**

- Die persoon moet ‘n gelowige volgeling van Jesus wees
- ‘n Formele tersiêre kwalifikasie in Maatskaplike Werk wat erken word deur die SA Raad vir Maatskaplike Werksberoepe (SACSSP);
- Registrasie as Maatskaplike Werker by die SACSSP
- Minstens 5 jaar ondervinding
- Geldige rybewys
- Toegang tot eie vervoer